NUUS | SAOU | NEWS

NORTHERN CAPE | NOORD-KAAP

Posbus 110156 Hadisonpark 8306 E-pos: saounk@saou.co.za

☎ 053 832 2727 Faks 053 832 2460

10 Augustus 2016

No: 19 van 2016

---

1. **AANSTELLINGSPROSES**

Ons kry gereeld oproepe en kennisgewings om ons in te lig dat aanstellingskomitees die datums vir hulle prosesse wil verander. Uiteraard is daar geen probleem daarmee nie, maar die SAOU wys graag op die volgende:

1.1 Skoolhoofde moet daarop let dat die uitstel en gevolglike verandering van datums nie eensydig moet geskied nie. Maak liefs seker dat dit 'n komiteebesluit is en dat daar 'n notule in hierdie verband is.
1.2 U moet ook asseblief seker maak dat u weer deur die proses van kennisgewing gaan – met in agneming van die kennistydperk (-e) van 5 (vyf) werksdae. U kan bv. nie vir die SAOU 'n kennisgewing stuur wat die proses met een dag uitstel nie.
1.3 Dit is baie belangrik dat skoolhoofde sal weet dat indien aan die datums verander word, die SAOU nie verteenwoordiging vir u nuwe program kan waarborg nie. Ons het al daarop gewys dat die aanvraag vir verteenwoordiging baie hoog is a.g.v. die groot aantal poste wat adverteer is.

2. **POSTE WAARVOOR DAAR MIN AANSOEKE WAS**

Skoolhoofde moet asseblief ook daarop let dat die HOD reeds toestemming gegee het dat Distrikskantore ook die aansoeke van poste waar daar slegs een of twee aansoeke was, ook na die skole toe kan stuur. Indien u dus 'n boodskap gekry het dat koeverte teruggehou word, aangesien daar ''te min aansoeke is'', is dit 'n verkeerde boodskap en kan u dit gaan afhaal. Ons stel voor u skakel onverwyld met u Kringbestuurder indien u sulke gevalle het.

SAOU BEMAGTIGING

Die ***SAOU se Professionele Ondersteuningsdiens*** besoek ons provinsie hierdie maand vanaf 22 – 25 Augustus 2016 en ons gaan fokus op ***laerskole***!

1. *Is u op hoogte van **die oorgang vanaf gr. 3 na gr. 4?***
2. *Wat is u kennis van **skryfvaardigheid?***

Die SAOU bied aan u die ideale geleentheid om u kennis te kom verbreed en uself te kom bemagtig ten einde uself en die kinders met wie u werk te verryk!

WAAR VIND HIERDIE SESSIES PLAAS?

22 Augustus: ***KIMBERLEY***

http://saou.invitemanager.co.za/RSVP.aspx?evid=290

23 Augustus: ***KATHU***

http://saou.invitemanager.co.za/RSVP.aspx?evid=291

24 Augustus: ***UPINGTON***

http://saou.invitemanager.co.za/RSVP.aspx?evid=292

25 Augustus: ***CALVINIA***

http://saou.invitemanager.co.za/RSVP.aspx?evid=293

HOE REGISTREER EK?

1. Kies die dorp hierbo waar u die bemagtiging wil bywoon
2. Klik op die skakel onder die dorp en al die inligting sal op u skerm verskyn.

WIE MAG / MOET HIERDIE BEMAGTIGING BYWOON?

Die **SAOU** se bemagtigingsessie is **OOP** vir **ALLE ONDERWYSERS**.
Motiveer gerus u kollegas wat nie lede va ons is nie en kom spog gerus met die gehalte van die bemagtigingsessies!

WAT IS DIE KOSTE VAN DIE BEMAGTIGINGSESSIES?

1. Lede: ***R30***
2. Nie-lede: ***R50***

Henk Brand
Provinsiale Sekretaris
SAOU
Tel: 053-832 2727
Fax: 053-832 2460
Sel nr: 081 892 4280
www.saou.co.za